



Kan ons gaan water haal?

Hierdie boek behoort aan









bookdash.org

Every child should own a hundred books by the age of five. To that end, Book Dash gathers creative volunteers to create new African storybooks that anyone can freely print, translate and distribute. Then we work with partners to give those books to preschool children to own.

To find out more, and to download beautiful, open-licensed, print-ready books, visit bookdash.org.

Kan ons gaan water haal?

(A trip to the tap)

Illustrated by Phumle April

Written by Sindeka Mandoyi

Designed by Nadene Kriel

Translated by Anita van Zyl

with the help of the Book Dash participants in Cape Town on 14 October 2023.

ISBN: 978-0-948602-16-0

Typeset in Quicksand

This work is licensed under a Creative Commons Attribution 4.0 Licence
(<http://creativecommons.org/licenses/by/4.0/>).

You are free to share (copy and redistribute the material in any medium or format) and adapt (remix, transform, and build upon the material) this work for any purpose, even commercially. The licensor cannot revoke these freedoms as long as you follow the following license terms:

You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use. No additional restrictions: You may not apply legal terms or technological measures that legally restrict others from doing anything the license permits.





Kan ons gaan water haal?

Phumle April
Sindeka Mandoyi
Nadene Kriel



Oluhle word vroeg wakker.
Sy kan nie wag om te gaan
water haal nie.

“Kom, Mamma, ons moet vandag
eerste by die kraan wees,” roep sy.





Langs die pad kry hulle vir
Nathi en Unathi.
Hulle stap ook saam met hul
mamma na die kraan.





Oluhle en haar maats speel terwyl
die grootmense water tap.

“Jou emmer is vol, Oluhle,”
sê Mamma.





Toe hulle by die huis kom,
gaan bad Oluhle.
Mamma gaan werk toe en
Oluhle bly by Makhulu.





Later die middag begin Makhulu
aandete maak.

Sy het nog water nodig.

Sy roep vir Oluhle om saam met
haar te gaan water haal.





“Ek kan my emmer nêrens
kry nie, Makhulu. Ek het
oral gesoek,” sê Oluhle.

Makhulu help haar soek, maar die
emmer is skoonveld.








Makhulu maak 'n plan.
Sy haal 'n leë 2 liter-bottel uit
die kas en gaan haal verf
en verfkwaste.






Makhulu maak 'n emmer
van die leë bottel.
Sy verf dit pienk.
“Hier’s vir jou ’n emmer, Oluhle!”








**“Dankie, Makhulu,” sê Oluhle.
Sy is opgewonde om met haar
nuwe emmer te gaan water haal.**





Die volgende dag bring Unathi en
Nathi vir Makhulu twee leë bottels.

“Makhulu, kan jy asseblief vir ons
ook emmers van hierdie leë
bottels maak?”







Makhulu verf hul emmers geel en
blou, die kleure waarvan hulle
die meeste hou.

Nathi en Unathi is gelukkig.
Oluhle is ook gelukkig.





Die maats kan nie wag om hul
nuwe emmers vir almal te wys nie.

“Kan ons nou gaan water haal?”
vra hulle.









